

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 12

> *Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele … (vers 22)*

Jesus het ’n nuwe realiteit vir ons geskep – ons kan naby aan

God kom en hoef nie vir Hom hoef bang te wees nie; ons mag met vrymoedigheid voor God se troon staan omdat ons daar hoort as verloste kinders van God.
In hoofstuk 12 roep die skrywer ons op om te leef vanuit hierdie nuwe realiteit. Ons moet leef soos mense wat verstaan dat ons eintlik al klaar deel van die hemelse werklikheid is. Dis asof ons reeds in die hemel is, tussen die skare verlostes, in God se teenwoordigheid, by Jesus. Dis ’n werklikheid wat nou al aangebreek het. Ons hét daar gekom, verseker hy ons (vers 22).
Geloof is nie net om sekere goed oor Jesus te weet en te bely nie. Geloof is ’n manier van dink oor jouself, en daarom ook ’n manier van leef in die wêreld, as nuwe mens, as deel van die hemelse vergadering. Geloof is ’n lewenswyse, ’n lewe in en vanuit die teenwoordigheid van Christus.
Om te lewe as lid van die hemelse vergadering: dit is ons werklikheid in Christus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026